Verwysing: 20210309-1491
Lêerno.: 13/2/8/23-M1/21
Navrae: L.N. Sopotela

Nasionale Skoolvoedingsprogramminuut: 0001/2021

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Nasionale Skoolvoedingsprogram-distrikskoördineerders en Skakelbeamptes, Prinsipale van gewone openbare skole wat by die Nasionale Skoolvoedingsprogram baat vind en Voorsitters van beheerliggame wie se leerders voordeel uit die program trek

**Onderwerp: Monitering van Nasionale Skoolvoedingsprogramfondse se oordrag na gewone openbare skole**

1. Ingevolge Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanning-omsendbrief 0031/2019 van 29 Junie 2019 oor die regulatoriese vereistes om skoolfondse te bestuur, word daar van beheerliggame verwag om effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur en interne kontroleerstelsels in te stel en in werking te stel.

2. Die nasionale skoolvoedingsprogram (NSVP) moet in hierdie verband moniteringsmeganismes instel om toe te sien dat beheerliggame effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur en interne beheerstelsels in werking stel.

3. Die doel van hierdie moniteringsinstrument **(Bylae A)** is om behoorlike finansiële bestuur van die oordrag van fondse na skole vir die aankoop van kombuistoerusting, betaling van honorariums aan vrywillige koshanteerders, toelaes aan tuiniers wat kos verskaf, betaling van tuiniers se toerusting en NSVP-kompetisiegeld te bepaal en verbeter, asook om te verseker dat die oordragfondse vir die doel waarvoor dit bestem is, gebruik word.

4. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel te bring.

**GETEKEN:** HA LEWIS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING**
**DATUM:** 2021-03-26